

Februarie 2019

Nuusblad / Newsletter

Uitgawe 6

Mpu Landsdiens kuier in Oos Kaap!


Die busse was gepak en die lang pad na die Oos Kaap was almal se voorland. Tydens Nasionaal 2019 het Mpumalanga Landsdiens al die pad na die Oos Kaap gereis op 7 Desember 2018. Die Hoërskole het na Jeffrey'sbaai gereis waar die Gr 8 – 12 leerders by Mentorskraal gekamp het en die Gr 6 – 7 na Oudshoorn.

Met die aankoms van die Gr 8 – 12 leerders by Mentorskraal het daar 'n druk program op ons gewag. Die meeste van die aktiwiteite was van die terrein af en op die wyse kon Mpumalanga Landsdiens die Oos Kaap behoorlik verken. Landsdieners het in Port Elizabeth gaan yskaats en gaan "Bounce". Daar is berg geklim by Lady Slipper en die voëlpark by African Dream word besoek sowel as 'n besoek aan Kragga Kamma, 'n reservaat. Almal se hoogtepunt bly egter die see, dus was die laaste dag op die strand groot pret.



In Oudshoorn het daar vir die Gr 6 – 7 landsdieners net soveel avonture gewag. 'n Besoek aan die Congo grotte, ritte op kamele, 'n besoek aan 'n volstruisplaas was onder van die hoogtepunte wat op ons landsdieners gewag het. Natuurlik moet mens ook see toe gaan, dus het landsdieners vir 'n dag na Mosselbaai gereis waar hulle 'n besoek aan die Diaz museum gebring het en op die strand gebaljaar het.

Te vining was ons kuier in die Oos Kaap op 'n end en moes ons die busse laai om terug te keer na die noorde. Maar in die styl van landsdiens het ons weereens die belewenis gehad van; Landsdiens vat jou plekke!



Stuur gebede hemelwaarts

Mpumalanga Landsdiens het met 'n nuwe inisiatief in 2019 begin waar ons besluit het om vir Suid Afrika te bid. Die gedagte het by een van ons plaaslike klubs begin waar hulle gebede in ballone geplaas het en dit vrygelaat het.

Tydens die jaarlikse opleidingssessie het die ander klubs ook daarvan te hore gekom en word die besluit geneem dat alle klubs in 2019 so vir Suid Afrika wil bid. Leerders gaan hulle gebede vir ons land in ballone plaas en dit dan vrylaat. Ons vra dus vir elke klub om die inisiatief te ondersteun en so ons land se swaarkry voor God se voete te plaas.



Pitstops, Challenges, Race.

HTS Witbank decided to kick off the year on a very fast note by hosting an Amazing Race for its learners. The idea was to have fun while exploring the school and making new friends.

Learners had to use some brainpower as well as speed to challenge one another. Learners were divided into groups where they then had to solve clues at pitstops, before racing to the next checkpoint. At each checkpoint they had to face a challenge. Challenges ranged from some brainteasers to some fear factor moments where they had to face a relay to eat a sourworm, drink shots of lemon juice and Worstersauce. Challenges also included check a marshmallow from a string using only your mouth, entrapment where they had to get through a rope maze while holding hands.

With a lot of cheering and laughter this sure was a huge hit amongst the learners. We made a great many new Land Service friends.



Love is in the air.

At Hoëskool Hoogenhout this was the case during Valentine's day. Instead of going to a store to buy an expensive gift, learners decide they would rather make roses and then give these roses to the special people in their lives.

Diamonds and jewels may be a huge present, but nothing says I love you or that you are special by putting some time in making something by hand for that special person in your life.



Ultimate Braai Challenge.

Hoërskool Piet Retief het weerens bewys as jy twee van Suid Afrika se mees gunsteling dinge, kos en braai meng dan het jy 'n wenresep.

Hoërskool Piet Retief het besluit om 'n Ultimate Braai Challenge te hou om so te bepaal wie is die bobaas braai master onder hulle. Terwyl die kole in gereedheid gebring word kon daar lekker gekuier word. Daar is natuurlik peuselhappies sommer van die braaier af gesteel voor dit aan die beoordelaars voorgesit was.



Vlytige vingers aan die werk

Laerskool Goedehoop het sommer vining gewys watter kunstalente in hulle steek met die maak van deurmerkers.

Elke leerder se merker was kreatief en het sy persoonlikheid goed ten toon gestel. Die wye verskeidenheid merkers en kreatiwiteit was regtig iets om te aanskou.



Groen vingers aan die werk.

Hoërskool Lydenburg het weerens gewys jy kan soms twee landsdiens liefdes kombineer. Hulle het Liefde vir die Natuur en Liefde vir die Medemens gekombineer deur 'n gemeenskaptuin te skep in Lydenburg.

Die gedagte agter die inisiatief was om die plaaslike gemeenskap te help deur hulle te voorsien van vars groente. Dit het harde werk en sweet gekos om die tuin skoon te maak en in gereedheid te bring vir die plant van groente.

Leerders het almal ingeklim en sommer in 'n japtrap die tuin reg geruk.



Vir die Voëls

Morganzon het vir ons geveerde vriende 'n projek aangpak deur "Bird Feeders" te maak. Hierdie "Bird Feeders" dien as voedselbron vir 'n wye verskeidenheid voëls en dit lok 'n diverse groep voëls na jou tuin.

Deur 'n normale rolletjie te neem end it met saad te bedek het jy sommer in 'n japtrap 'n bird feeder vir jou tuin. Die feeders word dan by die skool in die bome gehanf om so dan die voëls te lok.



Numbi kap die tentpenne in

Numbi het tydens hul klubkamp die laeveld gaan verken en Graskop gaan besoek. Met die tasse wat gepak was en proviad wat regstaan het Numbi in die pad geväl om hulle Klubkamp te beleef.

Hulle het watervalle in die Laeveld besoek, sowel as van die gewilde besienswaardighede. Hulle het ook lekker kampspeletjies gespeel.

Te vining was die naweek verby en moes hulle terug keer huiswaarts.



We are not scared of bugs

Curro Secunda decided to test the fear levels of their learners by having a Fear Factor event at their school. Learners had to do all types of challenges and games during their activities.

These activities included things that make your skin crawl, things that gross you out and critters that are slimy.

They had loads of fun and are now ready to take on all types of creepy and slimy stuff.



Klipfontein vermaak vir oupa en ouma.

Let me entertain you! Dis presies wat Laerskool Klipfontein gedoen het. Hulle het besluit om die bejaardes van Edenpark te besoek en vir hulle 'n vertoning te lewer.

Hulle het gesing, gedigte voor gedra en allerlei mannewales uitgehaal om die bejaardes te vermaak.

Die leerders se vertoning sou enige Voice coach sy stoel laat omdraai en die bejaardes het die ervaring terdeë geniet.



Help om 'n spesie te red.

Bromvoëls is tans 'n bedreigde spesie in Suid Afrika. Daarom het Hoëskool Kanonkop besluit om hulp te verleen deur mannekrag om die voëls te help bewaar.

Bromvoëls het slegs een maat vir hul leeftyd en lê slegs twee eiers op 'n slag. Hulle is ook baie sensitiewe voëls wat nie van geraas hou nie. Weens hierdie redes is hulle 'n baie sensitiewe skakel in die ekosisteem wat maklik kan uitsterf.

Hoëskool Kanonkop het dit goed gedink om hulle hulp te verleen om die spesie te red. Hulle het hulp verleen by die Friends of Loskop Nature Reserve om daar te help om hokke te bou vir die Bromvoëls se veilige bewaring.

Water Fun

Hoëveld Laerskool decided to cool down with all of these heatwaves.

They gathered some water buckets and rallied the learners and soon they were having loads of fun. Most of the activities were based on water, so they could cool down. They had a variety of activities but the learners really enjoyed the slip and slide.



Dis die Kamplewe vir my

Hoërskool Secunda het HU'Bhetyan O Africa besoek vir hul jaarlikse klubkamp. Dit was omrent 'n walk on the wild side...



Leerders het die naweek vreeslik geniet en was sommer uitgeput met hul terugkeer. Maar met 'n druk program was dit te wagte. Leerders het op die hindernisbaan baljaar, kaskar resies gehou, 'n staptoer deur die wild se hokke onderneem en sommer lekker in die dam net baljaar.

Leerders het ook die geleentheid gehad om lekker te swem en meer te leer van diere en veral karnivore se gedrag.

Dapper Stapper

Laerskool Taalfees het met 'n wandelstok die veld ingevaar om die natuur sommer eerstehands te gaan ervaar.

Met hul rugzakke gepak en 'n sonhoed op die kop het Laerskool Taalfees 'n staptoer te Ribbokkloof onderneem.

Leerders het veldkennis opgedoen deur die veld te verken. Daar word kennis gemaak met 'n verskeidenheid van insekte en klein diere en hul gewoontes.



Mpumalanga Landsdiens Land Service



Liefde vir: God, Natuur, Arbeid, Naaste

WAAR JOU TOEKOMS GEVORM WORD

Follow us